PERSVERKLARING

Tafelberg
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Posbus 879, Kaapstad 8000

40 Heerengracht, Cape Town 8001
P O Box 879, Cape Town 8000

Tel: +27 (0) 21 406 3033
Faks / Fax: +27 (0) 21 406 3812
E-pos / E-mail: tafelbrg@tafelberg.com
Internet: www.tafelberg.com

# Anelia Heese vra in nuwe boek: Hoekom stotter ons pa's so wanneer ons oor diensplig wil gesels?

"Aan die einde van 12 weke se basiese opleiding moes al hierdie mans weet hoe om te skiet en baie moes bereid wees om dood te skiet."

Anelia Heese hervertel die rou en soms skokkende stories van Suid-Afrikaanse mans wat in die 1970's en 1980's verplig is om weermagdiens te doen. In *Diensplig* – wat in Augustus by Tafelberg verskyn – praat van dié mans, baie van hulle vir die eerste keer, openhartig oor hul ervaringe. Sy gesels met die bekroonde joernalis Murray La Vita, die skrywer Deon Lamprecht, genl.maj. Roland de Vries en talle ander oor hulle ondervindings in die weermag.

Die meeste dienspligtiges was eintlik maar nog seuns toe hulle gedwing is om aan te tree en hul hare onseremonieel afgeskeer is. Hulle praat hier eerlik oor onder meer die eerste kontak, die eerste keer toe iemand 'n makker verloor het, hoe sommige "terrie-ore" versamel het, oor patrollies in die townships, en die interne stryd wat dikwels agterna gevolg het.

Anelia vra soms ongemaklike vrae om haarself en ander — veral jonger — Suid-Afrikaners te help sin maak van diensplig en die nadraai daarvan. Soos wie nou eintlik die vyand was, en wat dit beteken om jou land te dien . . .

*Diensplig* verskyn in Augustus by Tafelberg en sal beskikbaar wees by alle goeie boekwinkels en aanlyn. Loot.co.za bied 'n spesiale prys vir voorafbestellings hier: https://www.loot.co.za/product/mfvx-8031-g960

## Oor die skrywer

**Anelia Heese** is 'n maatskaplike entrepreneur en digitale innovasiekonsultant. Haar podsendingprojek, diensplig.org, is 'n poging tot intergenerasionele gesprekvoering oor rasgebasseerde geweld in Suid-Afrika. Sy skryf graag liefdesbriewe vir haar enigste ware tuiste, Suid-Afrika, en beplan elke jaar om terug te keer sodat sy weer kan boer.

## Oor die boek

**Publikasiedatum:** 18 Augustus 2023
**Prys:** R285,00
**Kategorie:** Geskiedenis
**ISBN-13:** 9780624093985
*Digitale-uitgawes*
**Prys** R240,00
**Epub ISBN:** 9780624093992
* Prys onderhewig aan verandering

Tafelberg is 'n druknaam van NB-Uitgewers, 'n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk | Reg. Nr. 1953/000037/07
Tafelberg is an imprint of NB Publishers, a division of Media24 Boeke (Pty) Ltd | Reg. No. 1953/000037/07

Direkteure / Directors: O Lalbahadur, E Wessels (Besturende Direkteur / Managing Director), EM Ashton
LJ Jacquet (Sekretaris / Secretary)

Vir meer inligting of reklamenavrae kontak:

Helené Coetzee
Reklamekoördineerder
Helene.coetzee@nb.co.za
082 449 8825